LAERSKOOL IMPALA

KULTUURBELEID

A. INLEIDING:

Die Kultuurbeleid is November 2019 hersien en ons deel graag die hersiene beleid met u.

Daar is besluit dat **SLEGS** die volgende kultuuraktiwiteite vir Erekleure in aanmerking geneem word vanaf 2019.

Die aktiwiteite sluit in:

1. Kempton Parkse Kunswedstryd
2. Redenaars – Interne Redenaars: Afrikaans
   Engels
   - Groter Kempton Park
   - ATKV
3. Impala Voortrekkers: Volgens hulle beleid
4. Koor: Hersiene beleid
5. Revue: Hersiene beleid

DIE VOLGENDE KULTUURAKTIWITEITE WORD BY LAERSKOOL IMPALA AANGEBIED NL:

B1. KUNSWEDSTRYD

Jaarliks word soveel moontlik leerlinge by die Kempton Parkse Kunswedstryd ingeskryf. Die skool neem aan verskeie items in die Afrikaanse en Engelse afdeling deel. (Bv. voorbereide, onvoorbeide, voorgeskrewe en eie keuse poësie, onvoorbereide lees, solosang, sanggroepe, spreekkoor). Daar is ook leerlinge wat deur private instansies ingeskryf word vir drama, instrumentaal, ballet, klopdanse. Daar word gepoog om die hoogste moontlike standaard te handhaaf.

(Kunswedstrydaktiwiteite sluit alle kunswedstryditems in soos bv. drama, instrumentaal, vokaal, solosang, dans, kuns, fotografie, model en alle ander moontlike items soos uiteengesit in sillabus wat by Kemptonparkse Kunswedstryd gedoen is).

2. REDENAARS

Elke jaar (Feb. - Afrikaans en Mei - Engels) word die interne Redenaarskompetisie by ons skool aangebied. Vanaf Gr 1 – 7 word leerlinge die geleentheid gebied om in die Afrikaanse of Engelse afdeling of beide deel te neem.
In Graad 1 tot 7 kan ± 15 leerlinge per graad gekies word vir die Afrikaans of Engelse afdeling of beide. Tydens die kompetisie word 2 leerlinge per graad, per afdeling gekies (wenner en naaswenner) om verder deel te neem. Die leerlinge verteenwoordig ons skool dan by die Kempton Parkse Redenaars- kompetisie waar ± 10 ander skole ook deelneem. Leerlinge word deur die skool by die ATKV redenaarskompetisie ingeskryf.

ATKV bepaal hoeveel leerders per graad mag ingeskryf word.

3. VOORTREKKERS

Leerlinge by Laerskool Impala is lid van bv. die Impala Voortrekker-kommando. Alle voortrekker geleenthede en aktiwiteite word deur die Kommando georganiseer en beheer. Enige navrae moet aan Annelie du Plessis gerig word.

4. KOOR

Ons skool het 2 kore: 'n Junior- en Senior koor. Die groepe neem ook deel aan die Kempton Parkse Kunswedstryd. Daar is verskeie optredes gedurende die jaar by kerke en ouetehuise, asook saam met vermaaklikheidskunstenaars en massakore.

5. REVUE

Revuegroepe nl. die Junior en die Senior Revuegroep. Die groepe neem ook deel aan die Kempton Parkse Kunswedstryd. Daar is verskeie optredes gedurende die jaar saam met vermaaklikheidskunstenaars.

C. DIE KRITERIA OM EREKLEURE VIR KUNSWEDSTRYD TE VERWERF IS SOOS VOLG:

1. Puntestelsel:

Kunswedstrydtoekennings word gemaak op grond van die puntetoekenning wat die leerling jaarliks op die onderstaande kultuur-evalueringskaal verdien.
Die Beheerliggaam van Laerskool Impala huldig die mening dat die kultuurprestasies van 'n leerling wat vir Kunswedstryd-erekleure by hierdie skool in aanmerking kom, van die hoogs moontlike standaarde van kulturele uitnemendheid en gehalte behoort te getuig.

- Slegs leerlinge se 12 hoogste punte verwerf in die kunswedstryd word aanvaar.
- 'n Spesifieke item kan slegs een keer vir puntetoekenning tel.
- Slegs 1 erekleure toekenning per jaar word aanvaar. 'n Leerling kan dus nie 2 balkies in een jaar verwerf nie.
- As 'n leerling 'n minimum van 30 punte bymekaar maak, ontvang hy/sy HALFKLEURE – die leerling ontvang dan 'n metaalbalkie vir Kunswedstryd. As 'n leerling 60 punte of meer bymekaar maak ontvang hy/sy Erekleure.
- Punte is nie oordraagbaar van een jaar na die volgende jaar nie.
- Revue, Koor, Redenaars en Voortrekkers word apart bepaal en mag nie as een van die 12 punte getel word nie.
- 6 van die items moet Individuele items wees.
- Halfkleure wat later volkleure word: Halfkleure balkie mag nie meer gedra word na Erekleure ontvang is nie.
- Die Kunswedstrydtoekennings word gemaak slegs aan leerders wat Laerskool Impala verteenwoordig, m.a.w. leerders mag privaat of deur dramaskole ingeskryf word.

2 Kultuur-evalueringskaal:

2.1 Kunswedstryd:

'n Leerder mag SLEGS aan die Kemptonparkse Kunswedstryd deelneem om in aanmerking te kom vir Kunswedstryd Erekleure of Halfkleure:

Kredietpunte word volgens die persentasie toegeken.

Brons (minder as 70)	-	1
Silwer (70 - 74)	-	2
Chroom (75 - 79)	-	3
Goud (80 - 84)	-	4
Platinum (85 - 89)	-	5
Diploma (90 - 94)	-	6
Prestige (95 - 100)	-	7
Itemwenner	-	+ 2
Afdelingswenner	-	+ 6

2.2 Redenaars

HALFKLEURE (aansteek balkie)

- 'n Leerder ontvang halfkleure indien hy/sy 'n 2e of 3e plek by Groter Kempton Park of ATKV behaal het.
- Semi-finaal (2de ronde) van die ATKV - ongeag die posisie wat die leerder behaal.

EREKLEURE

Wenner by ATKV of Groter Kempton Park.

2.3 Voortrekkers:

Punte word deur die Impala Voortrekkerkommando bepaal en aan die skool gestuur. (Beleid op aanvraag).

2.4 Koor – Sertifikaat – 3de by Kunswedstryd

HALFKLEURE (aansteek balkie)

Conspirito / Spektrum / Sing it (minimum van 3 skole)
- Naaswenners

Sing in Harmonie: Episode Kampioen (± 5 skole)

EREKLEURE

Conspirito / Spektrum / Sing it (minimum van 3 skole) - Hoogste toekenning.
(Koor balkie) – Kunswedstryd wenners
Sing in Harmonie: Toekenning in finaal (11 - 15 skole)

2.5 Revue – Sertifikaat – 3de by Kunswedstryd

HALFKLEURE (aansteek balkie)

Conspirito / Spektrum / Kunswedstryd (minimum van 3 skole)
- Naaswenners

Kunswedstryd: Indien daar nie 3 skole deelneem nie kry Revue Halfkleure met persentasie 90% - 94%.

EREKLEURE

Conspirito / Spektrum / Kunswedstryd (minimum van 3 skole) - Hoogste toekenning.
(Revue balkie)

Kunswedstryd: Indien daar nie 3 skole deelneem nie, kry Revue Erekleure met persentasie 95% - 100%).

2.6 Spreekkoor

HALFKLEURE (aansteek balkie)

- Kunswedstryd / Conspirito en Conspirito Forte deelname.
- Naaswenners by enige een van die 3 kompetisies. Minimum van 3 skole moet deelneem.
- Minimum van 92%

EREKLEURE

- Kunswedstryd / Conspirito / Conspirito Forte deelname.
- Wenners by enige een an die 3 kompetisies. Minimum van 3 skole moet deelneem.
- Minimum van 95%

2.7 Spanredenaars

HALFKLEURE (aansteek balkie)

- Kunswedstryd / Radikale Redenaars / Oppie Tong Af deelname.
- Naaswenners by enige een van die 3 kompetisies. Minimum van 3 skole moet deelneem.
- Minimum van 92%

EREKLEURE

- Kunswedstryd / Radikale Redenaars / Oppie Tong Af deelname.
- Wenners by enige een van die 3 kompetisies. Minimum van 3 skole moet deelneem.
- Minimum van 95%

2.8 Toneel

HALFKLEURE (aansteek balkie)

- Kunswedstryd
- Minimum van 3 skole. Naaswenners met 'n minimum van 90% (Diploma)
- SACOPA

EREKLEURE

- Kunswedstryd
- Minimum van 3 skole. Wenners met 'n minimum van 95% (Prestige)

3 Verantwoordelike persoon:

'n Persoon is in die Grondslagfase en Intersen Fase onderskeidelik aangewys om jaarliks rekord te hou van elke leerling se prestasie. 'n Behoorlike stelsel van Rekordhouding is ontwerp.

Leerlinge wat in aanmerking wil kom vir Halfkleure of Erekleure moet by die betrokke kultuurhoofde 'n vorm afhaal waarop hulle prestasies aangeteken gaan word deur die ouer. Elke vorm moet vergesel word van afskrifte van die sertifikate, puntetoekennings en medaljes. Let asb. op die sluitingsdatum!

4 Kultuurtrofeë

a) Junior Kultuurleerlinge (Grondslagfase)
b) Beste Presteerder in Kunswedstryd (Grondslagfase)
c) Beste Presteerder in Kunswedstryd (Senior Fase)
d) Senior Kultuurleerling (Graad 4-6) (minimum van 30 punte)
e) Redenaars
   - Tweetaligheidstrofeë
   - Seun
   - Dogter
f) Kultuurseun (Gr 7)
g) Kultuurdogter (Gr 7)

Bg. Trofeë word ook net toegeken as daar 'n leerder is wat daarvoor kwalifisieer.

Om as bv. Kultuurseun of Kultuurdogter (Gr. 7) aangewys te word, moes die seun/dogter aan 'n verskeidenheid aktiwiteite deelgeneem het om te kwalifiseer en 'n minimum van 30 punte behaal (Sien bylaag).

D. <u>Belangrike nuwe inligting rakende hersiene Kultuurbeleid 2019</u>

1. Slegs die volgende gaan in aanmerking geneem word vir Kultuurtoekennings.

a) Kemptonparkse Kunswedstrydvereniging.
<u>GEEN</u> ander Kunswedstryd / Kunsfees / Talentfees / SA Kampioenskappe / SATCH / Dramaskool / ens. gaan in berekening gebring word NIE!

b) <u>Slegs</u> aktiwiteite wat deur Laerskool Impala aangebied word, gaan erkenning by die prysuitdeling kry.

c) Alle Kultuuraktiwiteite <u>BUITE</u> skoolverband word <u>glad nie meer</u> in aanmerking geneem vir Kultuur erekleure nie.
Die onderskeie instansies gee erkenning aan die leerders en leerders kry ook erkenning tydens saalopening.
Dit is byvoorbeeld: Modelwerk, Dans, Ballet, Skoonheidskompetisies, Redenaars (anders as reeds genoem).

d) By die bepaling van die Kultuurseun en -dogter en Veelsydigste seun en dogter gaan <u>SLEGS</u> die volgende aktiwiteite in berekening gebring word.
- Kemptonparkse Kunswedstryd
- Koor
- Revue
- Redenaars: Intern, Groter Kempton Park en ATKV
- Impala Voortrekkerkommando
- Spreekkoor
- Toneel
- Spanredenaars

Dit is wat die Kultuur aanbetref.

e) Indien 'n leerder Erekleure verwerf ongeag of dit die eerste, tweede of derde keer is, bly die bewoording:
EREKLEURE: Kultuur

Bewoording nl. Hertoekenning, Prestige 1 en 2 en Eervolle Vermelding val weg.

f) Erkennings word jaarliks bepaal. Halfkleure gaan nie meer na 'n volgende jaar oorgedra word nie.

---oOo---

Hersien November 2019